**KLEINFONTEIN**

**Uit en Tuis Sentrum, Kleinfonteinweg, Kleinfontein 368JR, Distrik Cullinan**
Kleinfontein Aandeleblok (Edms) Bpk, Registrasienommer: 2018/209461/07

E-pos adres: media@kleinfontein.net Kontaknommer: 012-940 4354

MEDIAVERKLARING 23 APRIL 2025

Kleinfontein Reageer op MK-party se Uitlatings oor Artikel 235

Na die onlangse besoek aan Kleinfontein deur verteenwoordigers van die MK-party, en hul bewering dat Artikel 235 van die Grondwet nie versoenbaar is met Artikel 1 nie, wil ons graag die saak regstel.

Kleinfontein en die Grondwetlike Reg op Kultuurbeskikking.

Kleinfontein is ’n vreedsame gemeenskap wat gebou is op Afrikaner-kultuur en Christelike waardes. Hoewel ons doelwitte dikwels verkeerd verstaan word, is ons bestaan beide moreel verdedigbaar en grondwetlik beskerm.

Artikel 1 van die Suid-Afrikaanse Grondwet verklaar dat ons Suid-Afrika ’n soewereine, demokratiese staat is, gebaseer op waardes soos menswaardigheid, gelykheid, die bevordering van menseregte en vryhede, die oppergesag van die reg, en demokratiese regering. Hierdie waardes geld nie net vir die meerderheid nie—dit is die reg van elke burger en elke gemeenskap, ook minderhede.

Artikel 235 – ’n Reg, nie ’n Skuiwergat nie

Artikel 235 bepaal uitdruklik die erkenning van die reg op selfbeskikking van enige gemeenskap wat ’n gemeenskaplike kulturele en taal-erfenis deel, binne ’n territoriale gebied in die Republiek. Dit is nie ’n teenstrydigheid met Artikel 1 nie—dit is die praktiese uitvoering daarvan.

Die opstellers van die Grondwet het besef dat ware demokrasie en vryheid slegs kan bestaan waar gemeenskappe ruimte gegun word om hul identiteit te behou en uit te leef. Hierdie bepaling beskerm kulturele diversiteit eerder as om dit uit te wis.

Kleinfontein se doel is nie afskeiding of konflik nie. Ons siening is dat eenheid en diversiteit saam kan bestaan. Ons skend nie ander se regte nie, en verwag dieselfde respek.

Genis REP (Voorsitter), De Beer DFB (Ondervoorsitter), Beyers JA, Conradie JC, Coetzer MJH, Geldenhuys BP, Van Dyk GW, Van Niekerk HAC

’n Positiewe Gemeenskap

Kleinfontein is nie ’n politieke projek nie. Dis ’n funksionerende gemeenskap wat binne die wet werk, belasting betaal, eiendomsreg respekteer, en demokrasie en vrede handhaaf. Ons is ’n voorbeeld van wat Artikel 235 moontlik maak—’n plek waar kultuur-erfenis kan floreer sonder om nasionale eenheid te bedreig.

Die Dubbelstandaard

Wanneer ander kulture hul reg opeis om hul taal en tradisies te bewaar, word dit met reg gevier as deel van Suid-Afrika se ryk diversiteit. Waarom dan word dieselfde reg, wanneer deur Afrikaners uitgeoefen, met wantroue en beskuldigings begroet?

Kulturele selfbehoud is nie rassisme nie. Dit is nie uitsluiting nie. Dis ’n geldige mensereg—een wat op elke groep in Suid-Afrika van toepassing is, of jy nou Zulu, Xhosa, Venda of Afrikaner is.

Ten Slotte

Kleinfontein se reg om te bestaan is nie ’n radikale eis nie—dis gegrond in die Grondwet. Om daardie reg aan te val, is om die kernwaardes van Artikel 1 te ondermyn: vryheid, menswaardigheid, en wettige selfbeskikking.

Ons doen ’n beroep op alle Suid-Afrikaners, insluitend die MK-party, om te erken dat die ware bedreiging vir eenheid nie gemeenskappe soos Kleinfontein is nie—maar die ontkenning van die vryhede wat die Grondwet aan ons almal waarborg.

**KLEINFONTEIN**

**Uit en Tuis Sentrum, Kleinfonteinweg, Kleinfontein 368JR, Distrik Cullinan**
Kleinfontein Aandeleblok (Edms) Bpk, Registrasienommer: 2018/209461/07

# MEDIA STATEMENT 23 April 2025

Kleinfontein Responds to MK Party Remarks on Section 235

Following the recent visit to Kleinfontein by representatives of the MK party, and their assertion that Section 235 of the Constitution is incompatible with Section 1, we wish to set the record straight:

Kleinfontein and the Constitutional Right to Cultural Self-Determination

Kleinfontein is a peaceful, lawful community built on shared Afrikaner cultural and Christian values. Our purpose is often misunderstood, but our right to exist is both morally justifiable and constitutionally protected.

Section 1 of the South African Constitution declares our country to be a sovereign, democratic state founded on values such as human dignity, equality, the advancement of human rights and freedoms, the rule of law, and democratic governance. These are not rights reserved only for the majority. They are the birthright of every citizen and every community—majority or minority.

Section 235 – A Right, Not a Loophole

Section 235 of the Constitution provides explicitly for the recognition of the right to self-determination of any community sharing a common cultural and language heritage within a territorial entity in the Republic. This is not a contradiction of Section 1—it is its fulfilment.

The authors of the Constitution recognized that a truly democratic and free society must allow space for communities to preserve and live according to their heritage. This provision ensures that cultural diversity is protected, not erased.

Kleinfontein seeks no separation or conflict. It is not a rebellion against unity, but an affirmation that unity can co-exist with diversity. We do not infringe on the rights of others, and we expect the same in return.

Genis REP (Voorsitter), De Beer DFB (Ondervoorsitter), Beyers JA, Conradie JC, Coetzer MJH, Geldenhuys BP, Van Dyk GW, Van Niekerk HAC

KLEINFONTEIN

**Uit en Tuis Sentrum, Kleinfonteinweg, Kleinfontein 368JR, Distrik Cullinan**

Kleinfontein Aandeleblok (Edms) Bpk, Registrasienommer: 2018/209461/07

A Law-Abiding, Contributing Community

Kleinfontein is not a political project. It is a functioning community that operates within the law, pays taxes, respects property rights, and upholds the principles of democracy and peace. It stands as a living example of what Section 235 envisioned—a place where cultural identity can flourish without infringing on national unity.

The Double Standard

When other cultural groups assert their right to preserve their language, customs, or traditions, it is rightly celebrated as part of South Africa's rich diversity. Why then, when Afrikaners do the same, is it met with suspicion and hostility?

Cultural self-preservation is not racism. It is not exclusion. It is a legitimate human right—one that applies equally to every group in South Africa, whether they are Zulu, Xhosa, Venda, or Afrikaner.

In Conclusion

Kleinfontein 's right to exist is not a fringe position—it is anchored in our Constitution. To question or attack that right is to undermine the very values Section 1 claims to protect: freedom, dignity, and lawful self-determination.

We invite all South Africans, including members of the MK party, to recognize that the true threat to unity is not communities like Kleinfontein—it is the denial of the freedoms the Constitution guarantees to us all.

____________________
Stefan Wiese (HUB/CEO)

Namens/On behalf of

Kleinfontein raad van direkteure/Kleinfontein board of directors

Tel: +27 12 802 1584

media@kleinfontein.net

Genis REP (Voorsitter), De Beer DFB (Ondervoorsitter), Beyers JA, Conradie JC, Coetzer MJH, Geldenhuys BP, Van Dyk GW, Van Niekerk HAC